

'n Vreemdeling op deurtog (Hennie Aucamp), 2007

Pretoria Boekhuis: Pretoria

ISBN 978-1-86919-202-0

Sagteband, 136 bladsye

Hierdie bundel van Hennie Aucamp bestaan uit 18 kortverhale en/of essays, waarvan enkeles elders opgeneem is. In wese fokus die bundel op verganklikheid en verlies, veral soos dit ervaar word deur die bejaarde alleenloper. Die twee motto's voor in die bundel tree in dié opsig as belangrike inleiers van die verganklikheidstema op wat in die meeste tekste aan die bod kom. Die motto's lei onderskeidelik soos volg: "Perhaps all of life is no more than a long preparation for the leaving of it" en "Death is first and foremost a career move". Hierdeur word direk aangesluit by die bundeltitle en word die idee dat die aardse lewe alleenlik 'n tydelike verblyf is, sterk beklemtoon.

Die verganklikheidstema word op die spits gedryf in die essayistiese "Die troos van laaste testament" wat op uitsonderlike en ontroerende wyse die verband tussen kuns (in die vorm van musiek, visuele kuns en letterkunde) en die sterwensproses behandel. Die kern van hierdie essay is dat kuns veel beter sterwensbegeleiding verskaf as vriende en familie, aangesien kuns self oënskynlik onsterflik is. Aucamp se slotgevolgtrekking in hierdie essay is insiggewend: "Miskien is herinneringe ons enigste laaste troos. Herinneringe aan goeie mense en mooi ervarings wat oor ons pad gekom het; en hier wil ek Albert Schweitzer byhaal, wat gesê het: Moet nooit die krag van 'n mooi herinnering onderskat nie." Hierdie is 'n belangrike stelling aangesien die geheue baie nou by verganklikheid, aftakeling en verlies aansluit, want die geheue bring beswering en op 'n manier onsterflikheid mee.

Aftakeling en verworping is ook in die fisiese omgewing waarneembaar. In die reisessay, "Soos lakens op die bleik" vertel Aucamp van 'n winterreis deur Amsterdam. Na sy omswerwinge deur 'n vervalle Amsterdam kom Aucamp tot die volgende openbarende gevolgtrekking: "Mense kan verdwyn, is die gedagte wat my telkens deur die kop gespeel het. Verdwyn asof hulle nooit was nie. Ek het met onsteltnis na party vuil gragte gekyk, met onbeskryflike rommel op die ysoppervlakte. As die dooityd begin, gaan die rommel deursak, insak, tot diep in die modder van 'n kanaal, en wie weet tereg kom langs Denise Lübeck".

Fisiese aftakeling of gebreke, wat nou aansluit by die betreklike sterk fokus op die vleeslike (wat weer nou saamhang met die dekadente), kom in verhale soos "'n Vreemdeling op deurtog" (met sy fokus op Vigs), "Soos lakens op die bleik" en "Bengelende pype" aan die bod. Laasgenoemde beskryf op ontroerende wyse die laaste dae (na die amputasie van sy een been) van Ernst van Heerden, waar die dood homself reeds in die vleeslike tuismaak soos die volgende mededeling van Aucamp aantoon: "Wat ek gesien het, en wat my baie ontstel het, is dat die tone van Ernst se oorblywende voet blouswart is, maar ek het nie 'n woord daaroor gesê nie".

Naas die tipiese Aucamp-treke soos die gekunstelde taalgebruik (woorde soos byvoorbeeld "sagryn" en "vadsig"), kunssinnige belesenheid en dekadente sfeer wat die verhale omgee, word daar soos in baie van Aucamp se vorige werk aandag aan die randfiguur of *underdog* geskenk. Die Aucamp-oeuvre word bevolk deur perifere karakters soos manlike en vroulike prostitute, transseksuele, "drag queens", boemelaars en bergies. Dit is juis verhale waarin die sosiale verskoppeling as hoofkarakter figureer wat myns insiens as Aucamp se beste verhale beskou kan word. In dié opsig kan gedink word aan deerniswekkende verhale soos "Georgie" en "Stephen en Fay". Die beste voorbeelde hiervan in die bundel onder bespreking is "Die manlike musiek van rots en see" en "Die onwillige Samaritaan". Laasgenoemde gaan oor die terloopse en kortstondige mentorskapsverhouding tussen 'n ouer bergklimmer en 'n "oorverfynde Engelse

seun” wat mekaar eendag op die roete teen Leeukop uit ontmoet. Die meer ervare bergklimmer kan aanvanklik nie verstaan waarom die seun so oorgevoelig, antagonisties en opstandig optree nie, totdat dit later duidelik word dat die seun ’n bloeier is en nooit deur sy ouers toegelaat word om sonder toesig buite te kom nie. Hierdie verhaal sluit baie nou aan by die kontrasterende tema van fisieke ingeperktheid teenoor fisieke vryheid.

Die dualisme tussen fisieke aantreklikheid en onaantreklikheid word uitgebreid in die bundel ondersoek. Dit kom veral tereg in die collage-verhaal cum essay “Blinde vensters, blinde spieëls” wat soos volg begin: “Die onmoëie en die skone bestaan naas mekaar in die letterkunde en die kunste, soos ook in die lewe, nie noodwendig in opposisie nie, soms selfs in simbiose”.

Aucamp beskryf die oppervlakkige wêreld van die gay-stoombadkultuur in onverskrokke terme. Die eensaamheid wat hierdie bestaan kenmerk (veral vir die ouer gay), word op ’n nugter en siniese toon aan die leser voorgehou. Dit is duidelik dat Aucamp grootliks sy illusies verloor het, aangesien dit duidelik is dat daar ook binne hierdie konteks sprake is van aftakeling, alhoewel dit meer na die emosioneel-psigologiese neig. Die volgende teksaanhaling dien as voorbeeld: “Hy het op ’n afstand bly staan, sy lyftaal apologeties, soos dié van alle ouer mans in badhuise. Ekskuus, sein ’n ouer lyf oor, my ouderdom was ’n ongeluk, en ek wens ek kon dit verhelp het, bloot al om jonger badgaste se estetiese gerief”.

Die dekadensie (wat noue aanklank vind by die groteske en makabere) is onteenseglik Aucamp en kom in ’n aantal verhale en/of essays voor. Miskien is die beste voorbeeld hiervan “Life is a cabaret, old chum” wat ’n gefiksionaliseerde weergawe (soos vertel deur ene Madame Zichy) bied van Berlyn tydens die Weimar-era. Die volgende aanhaling getuig van ’n dekadensie wat uiters grotesk aandoen: “Daar was ’n ontkleekklub vir mans”, vertel Madame Zichy verder, “ek bedoel, net mans is toegelaat, maar die strip-teasers was vrouens. Elke man het ’n masker by die deur gekry, ’n pienk varkenskop. Die mans het by die ronde tafeltjies gesit, en onder die tafel het ’n meisie of ’n moffie ‘in drag’ gesit wat die varke tydens die vertoning afgesuig het, teen ’n geringe footjie”. “Life is a cabaret, old chum” is ’n goeie voorbeeld van ’n subkultuur-verhaal wat erg humoristies aandoen, maar myns insiens sal slegs lesers wat van bepaalde kodes bewus is die verhaal na waarde kan skat.

Hennie Aucamp kan beskou word as een van die mees “demokratiese” skrywers in Afrikaans aangesien hy die vermoë besit om beide die elitistiese en algemeen menslike tot hul reg te laat kom. Dit is waarom kunssinniges en die gewone leser aanklank by hierdie uitstekende bundel van Aucamp sal vind.

Neil Cochrane

**Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap
Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)**